ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2011

JASCO ELECTRONICS HOLDINGS BEPERK In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer Registrasienommer 1987/003293/06 Aandeelkode: JSC ISIN: ZAE000003794 (Jasco of "die maatskappy" of "die groep")

Inkomste styg met 55% **Bedryfswins styg met 30%** **WVPA styg met 96%**

Prestasie-opsomming

Die resultate vir die ses maande tot Desember 2011 is positief beïnvloed deur die suksesvolle aanvanklike integrasie van die Jasco– en Spescom-besighede, die voordele van die herstrukturering van die uitgebreide Jasco-groep en lewering van die groep se strategie, sowel as 'n beter bydrae deur die groep se belegging in kabelvervaardiger, M-TEC.

Wesensverdienste per aandeel (WVPA) was 96% hoër op 6,9 sent per aandeel (2010: 3,5 sent per aandeel), met verdienste per aandeel (VPA) wat 130% hoër was op 6,4 sent per aandeel (2010: 2,8 sent per aandeel). Die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele het vanaf 116,5 miljoen tot 140,8 miljoen aandele gestyg.

Finansiële oorsig

Groepinkomste het met 55% tot R493,9 miljoen (2010: R313,4 miljoen) gestyg ná die kombinering van Jasco en Spescom. Groepbedryfswins het met 30% tot R20,6 miljoen (2010: R15,9 miljoen) gestyg. Die toename in groepbedryfswins kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verbetering in die groep se grootste gekonsolideerde bydraer, die ICT Solutions vertikaal, sowel as laer eenmalige koste (laer op R1,2 miljoen vanaf R4,2 miljoen in die vergelykbare tydperk). Soos in die Afdelingsoorsig hieronder uiteengesit, is bedryfswins negatief beïnvloed deur die Enterprise Applications-besigheid.

Netto rente betaal het tot R6,2 miljoen (2010: R3,1 miljoen) gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die verwagte afname in die rente ontvang uit die groep se langtermyn huurkontrak met Transnet Freight Rail en rente betaal op die groep se verband wat deur die Spescom-verkryging geërf is.

Die groep se deel van inkomste vanaf assosiate was beduidend hoër as in die vergelykbare tydperk, hoofsaaklik as gevolg van die prestasie deur M-TEC, met Jasco se deel van wins wat 158% hoër was op R4,9 miljoen vanaf R1,9 miljoen. Die groep se ander assosiaat, Maringo, word nie meer ekwiteitsverantwoord nie ná die verkryging van 'n 100%-belang in hierdie besigheid. Gevolglik vorm sy bydrae nou deel van bedryfswins.

Die belastinguitgawe van R8,0 miljoen verteenwoordig 'n effektiewe belastingkoers van 41,5%, wat laer is as die 50,6% in die vergelykbare tydperk. Hierdie buitengewone hoë koers kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die R3,6 miljoen voorkeurdividend wat betaal is (getoon as rente betaal) en SBM van R0,7 miljoen op die gewone en voorkeuraandeeldividende. Die groep glo dat sy historiese belastingkoers van 29% vorentoe sal daal namate statutêre doeltreffendhede bereik word.

Buite-aandeelhouersbelang bedra R2,2 miljoen (2010: R3,7 miljoen), wat toegeskryf kan word aan Jasco se internasionale tegnologievennote (LeBLANC International en NewTelco GmbH, altwee in die ICT Solutions vertikaal).

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers was 193% hoër op R9,1 mijoen (2010: R3,1 miljoen). 'n Netto positiewe wesensaanpassing van R0,6 miljoen, bestaande uit 'n verlies met die verkoop van vaste bates, het wesensverdienste met 148% tot R9,7 miljoen (2010: R3,9 miljoen) verhoog.

Die netto bedryfskapitaaldae van 35 dae was beter as die 42 dae wat vir Desember 2010 gerapporteer is. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verbetering in voorraaddae vanaf 35 dae tot 31 dae en die verlenging van krediteuredae tot 75 dae vanaf 53 dae. Die verswakking in debiteuredae vanaf 61 dae tot 80 dae is egter nie bevredigend nie en is onder verskerpte fokus van Jasco se senior finansiële span. Die toename kan grotendeels toegeskryf word aan die korttermynfinansiering wat vir die inbedryfstelling van 'n groot mobiele netwerk in Suid-Afrika vereis word. Die uitwerking hiervan op die balansstaat sal na verwagting in die tweede helfte van die jaar voortduur.

Die staat van kontantvloeie weerspieël die aanwending van kontant om die debiteureposisie te befonds. Die netto invloei deur finansieringsaktiwiteite weerspieël die verhoging van die verband op die groep se hoofkantooreiendom in afwagting van befondsing van die FerroTech-verkryging. Gevolglik het Jasco se netto bankoortrekking vanaf R16,9 miljoen aan die begin van die tydperk tot R38,4 miljoen teen die tydperkeinde verhoog.

Daaropvolgende gebeure

Die groep het met ingang 1 Januarie 2012, Ferro Resonant Techologies (Edms) Beperk ("FerroTech"), 'n verskaffer van gespesialiseerde kragoplossings, produkte en dienste, verkry. Die koopteenprestasie van R13 miljoen kontant sal in stapsgewyse betalings teen 30 Junie 2012 vereffen word. Hierdie verkryging verseker Jasco se toetrede tot die strategiese kragversekeringsmark deur die toevoeging van kragoptimalisering by Jasco se portefeulje en stel die groep in staat om 'n enkele vennoot vir kliëntvereistes te wees. Die historiese PV-verhouding beloop 4,8 keer. Dit sal na verwagting vanaf aanvang, verdienste verhoog.

Daar het geen ander wesenlike daaropvolgende gebeure plaasgevind nie.

Bedryfsoorsig

Inleiding

Soos in die jaareindresultate in September 2011 gerapporteer, is Jasco in drie vertikale afdelings geherstruktureer – Information and Communications Technology (ICT) Solutions, Industry Solutions en Energy Solutions – om 'n meer geïntegreerde besigheidsontwikkeling en kliëntefokus te verseker. ICT Solutions sluit in die telekommunikasie – en inligtingstegnologiebesighede van Jasco en Spescom, sowel as die telekommunikasie-arm van assosiaat M-TEC. Industry Solutions bestaan uit die Sekuriteitsbesigheid en die onlangs verkrygde FerroTech, met Energy Solutions wat Electrical Manufacturers en Lighting Structures, sowel as die energie-arm van M-TEC insluit.

Gevolglik word die afdelings se bedryfsresultate volgens die nuwe segmente getoon.

Afdelingsoorsig

ICT Solutions – 66% van groep gekonsolideerde inkomste

ICT Carrier Solutions

Inkomste het met 50% tot R286,9 miljoen (2010: R191,0 miljoen) gestyg as gevolg van die suksesvolle integrasie van die Jasco– en Spescom Carrier-besighede. Die groep het verlengings van kontrakte met sy vastelyn-kliënte ondervind en aanvanklike sukses met Broadcast Solutions behaal. Besteding deur die groot mobiele operateurs was stadig, met slegs enkeles wat aktief hulle netwerke in Suid-Afrika uitgebrei het. Die bydrae deur M-TEC se telekommunikasie-arm het verbeter. Carrier se totale bedryfswins (insluitend M-TEC se bydrae) van R23,1 miljoen was 80% hoër (2010: R12,9 miljoen) en die bedryfswinsmarge het vanaf 6,8% tot 8,1% verbeter. Die gekonsolideerde bedryfswins (uitsluitend M-TEC) van R21,8 miljoen was 49% hoër, met die bedryfswinsmarge wat gedaal tot 9,6% vanaf 10,4% het as gevolg van 'n verandering in verkoopsmengsel en belegging in die ontwikkeling van die besigheid.

ICT Enterprise Solutions

Inkomste het tot R102,6 miljoen (2010: R2,8 miljoen) gestyg ná die insluiting van die meeste van Spescom se besighede by hierdie deel van Jasco. Besteding deur die meeste van die korporatiewe kliënte was gedemp, alhoewel daar 'n mate van volumes in die finansiële en kleinhandelsektore was. Die defensiewe aard van die groot annuïteitsinkomstebasis in Enterprise Communications het die verlangsaming in besteding versag. Bedryfswins vir die tydperk het R5,4 miljoen (2010: R1,9 miljoen verlies) bedra.

Die groep se Enterprise Applications-besigheid het soos verwag steeds onderpresteer, met bedryfswins wat marginaal beter as gelykbreek was. In reaksie hierop, is die besigheid en bestuurspanne hersaamgestel en is die besigheid by Enterprise Communications geïntegreer. Die groep verwag verbeterde kliëntebestelvloei in die tweede helfte. Die bedryfswins van hierdie afdeling was gevolglik beïnvloed deur eenmalige herstruktureringskoste van R1,2 miljoen, wat gelei het tot die 5,3%-marge. Maringo se verliese het in vergelyking met dieselfde tydperk verlede jaar vanaf R1,9 miljoen tot R1,1 miljoen gedaal. Die besigheid is ook volledig by die Enterprise Communications-besigheidseenheid geïntegreer, met die uitwerking van verbeterde kliëntebestellings wat in die tweede helfte sal deurvloei.

Industry Solutions – 12% van groep gekonsolideerde inkomste

Die Industry Solutions vertikaal het beter presteer in 'n moeilike mark waar groot projekte steeds slegs per geleentheid voorkom. Inkomste het met 4% tot R60,4 miljoen (2010: R57,9 miljoen) gestyg en bedryfswins was 19% hoër op R4,6 miljoen (2010: R3,9 miljoen). Die toetrede tot brandbestrydingsoplossings het tot die inkomstegroei in hierdie tydperk bygedra. Marges het onder druk gebly in 'n mededingende omgewing, alhoewel dit vanaf 6,7% tot 7,6% danksy kostebesparings verbeter het.

Energy Solutions – 22% van gekonsolideerde groepinkomste

Hierdie vertikaal het 'n verblydende verbetering getoon. Inkomste het met 25% tot R665,5 miljoen (2010: R531,1 miljoen) gestyg as gevolg van 'n verbetering deur M-TEC. Alhoewel Energy Solutions se bedryfswins met 20% tot R28,8 miljoen (2010: R24,1 miljoen) gestyg het, is die bedryfsmarge deur arbeidstakings gedurende Julie by alle produksiefasiliteite, asook die verskuiwing van die fabriek by Electrical Manufacturers beïnvloed. Die bedryfsmarge teen die einde van die tydperk het 4,3% (2010: 4,5%) bedra.

Die algehele verbeterde prestasie deur M-TEC kan hoofsaaklik toegeskryf word aan sterk volumes in die Aluminium-aanleg, saam met Jasco en die nuwe bestuurspan se fokus op verhoogde doeltreffendhede. Dit is effens teengewerk deur voortslepende produksie– en produkkwessies by M-TEC se Kragkabel-aanleg.

Gekonsolideerde inkomste (uitsluitend M-TEC) van R108,1 miljoen is 10% laer as die R120,6 miljoen in die vergelykbare tydperk. Die gekonsolideerde bedryfswins van R10,9 miljoen was 25% laer en die bedryfsmarge was laer op 10,1% vanaf 12,1% as gevolg van die laer produksie wat verkoopsvolumes beïnvloed het. Lighting Structures, in besonder, is swaar geraak deur 'n kombinasie van die Julie-stakings en staalverskaffingstekorte in die eerste helfte, asook laer verkope.

Vooruitsigte

Die nuut geherstruktureerde Jasco het die grondslag vir sy toekomstige groei neergelê. Verdere kostebesparings sal uit die besigheid vloei, soos byvoorbeeld die voordele van die hersamestelling, die uitwerking van die saamgesmelte besighede en laer nakomings– en ander koste.

Die voordele om besigheid as 'n geïntegreerde groep te bedryf, met duidelike vertikale afdelings wat gefokus is op geteikende kliëntesegmente, is nou 'n werklikheid, met die medium en langer termyn vooruitsigte wat positief is, asook verskeie strategiese geleenthede in die kort termyn. Die groep se verkoopsinisiatiewe het reeds verbeter deur 'n gefokusde prestasie– en leweringskultuur en die aanvang van kruisverkoopsinisiatiewe.

Die groep se aanvullings-verkrygingsplan is op skedule, sonder om van die fokus op organiese groei en die aanspreek van probleemareas in die besigheid afstand te doen.

In die ICT Solutions vertikaal, sal die groep steeds fokus op die groei van sy markaandeel in die volwasse Carrier-omgewing. Die vertikaal het reeds verhoogde bestellings deur bestaande en nuwe kliënte ondervind as gevolg van 'n meer gefokusde verkoopsaanbieding. In die Enterprise-besigheid sal die voordele van 'n laer kostebasis weens hersamestelling in 'n moeilike mark in die tweede helfte deurvloei, met die doel om waarde by kliënte wat bestee te onttrek. Die hoë vlak van annuïteitsinkomste in Enterprise Communications deur voortgesette diensvlakooreenkomste sal steeds 'n mate van beskerming in die medium termyn bied.

Die tweede vertikaal, Industry Solutions, beskik ook oor 'n gevestigde annuïteitsinkomstebasis om stabiliteit te verseker. Die fokus in die nabye toekoms sal op die voltooiing van die groep se toetrede tot die brandoplossingsmark en om die Jascoaanbieding nasionaal uit te brei wees. Die groep se diversifikasie in ander sektore buite die finansiële dienste was in 'n mate suksesvol, met die mynbousektor wat 'n korttermynfokuspunt is as gevolg van die besteding wat in hierdie area plaasvind. Die toetrede tot die kragoptimaliseringsmark deur die verkryging van FerroTech sal Jasco se aanbieding aanvul, terwyl Industry Solutions sal voortgaan om sy aanbieding in geboubestuur uit te brei.

Die Energy Solutions vertikaal sal voortgaan om sy strategie met betrekking tot aanvullende verkrygings te dryf ten einde Jasco as 'n Vlak 2 oplossingsverskaffer in transmissie, verspreiding en balans van aanlegbesigheid te posisioneer. In die volgende ses maande sal daar binne M-TEC daarop gefokus word om te verseker dat die oorblywende probleme in die Kragkabel-aanleg aangespreek word en om sy markaandeel aggressief te groei deur die verkoops– en bemarkingskantoor nader aan kliënte se liggings te beweeg. 'n Nuwe Taihan tegniese en bedryfspan is in Suid-Afrika ontplooi, wat na verwagting tot verdere produksie– en bedryfsverbeterings sal lei. Lighting Structures sal munisipaliteite teiken deur transmissie– en verspreidings kontrakteurs, sowel as om aktief verskaffingsooreenkomste met hernubare onafhanklike kragprodusente (OKPe) te dryf. Die hervestiging en integrasie van die fabrieke binne Electrical Manufacturers sal voorsiening maak vir verhoogde produksiekapasiteit, betroubare kragverskaffing en verbeterde bedryfsdoeltreffendhede oor die volgende ses maande.

Soos uiteengesit tydens die laaste rapporteringstydperk, het bestuur sterk stappe in werking gestel om strategiese lewering te verseker, met die fokus oor die volgende ses maande op M-TEC en Enterprise Applications om verdere kostebesparings en verbeterde bedryfskapitaalbestuur te ontsluit.

Die groep bly daartoe verbind om hoër verdienste te verseker deur beide organiese en verkrygingsgroei, sowel as die verbetering van die opbrengs op ekwiteit op 'n volhoubare grondslag.

Enige voorspelling of vooruitverklaringsinligting wat by hierdie aankondiging ingesluit is, is nie deur die maatskappy se onafhanklike ouditeure hersien of oor verslag gedoen nie.

Opstellingsgrondslag

Die ongeouditeerde resultate voldoen aan IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die rekeningkundige beleid en berekeningsmetodes wat gebruik is in die opstel van hierdie verslag stem ooreen met dit wat gebruik is in die opstel van die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2011, wat voldoen aan Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die Noteringsvereistes van die JSE Beperk en die Maatskappywet (2008) van Suid-Afrika.

Direksieveranderinge

Die Jasco-direksie bedank mev Noriah Sepuru, die voormalige Groepmaatskappysekretaris, vir haar toewyding en diens aan die maatskappy gedurende haar dienstermyn. Die Jasco-direksie verwelkom ook me Shireen Lutchan wie by Jasco aangesluit het as die Groepmaatskappysekretaris met ingang 5 Januarie 2012.

Dividend

In lyn met die groep se jaarlikse beleid, het die direksie nie 'n tussentydse dividend verklaar nie.

Vir en namens die direksie

Dr ATM Mokgokong (Nie-uitvoerende voorsitter) **AMF da Silva** (Hoof uitvoerende beampte) **WA Prinsloo** (Finansiële direkteur)

6 Februarie 2012

Opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste

(R'000)	Note	Ongeouditeer Des 2011 6 maande	Ongeouditeer Des 2010 6 maande	% verandering	Geouditeer Junie 2011 12 maande
Inkomste		**493 940**	317 934	55,4	773 038
Omset		**490 855**	313 431	56,6	763 498
Rente ontvang		**3 085**	4 503		9 540
Bedryfswins voor rente en belasting		**20 569**	15 875	29,6	28 802
Rente ontvang		**3 085**	4 503	(31,5)	9 540
Rente betaal		**(9 276)**	(7 636)	21,5	(17 972)
Ekwiteitsverantwoorde inkomste vanaf assosiate		**4 937**	1 012	387,8	4 506
Wins voor belasting		**19 315**	13 754	40,4	24 876
Belasting		**(8 057)**	(6 963)	15,7	(11 356)
Wins vir die tydperk/jaar		**11 258**	6 791	65,8	13 520
Ander omvattende inkomste		**625**	–		316
Totale omvattende inkomste vir die tydperk/jaar		**11 883**	6 791	65,8	13 836
Wins toeskryfbaar aan:					
– minderheidsaandeelhouers		**2 177**	3 694	(41,1)	3 994
– ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**9 081**	3 097	193,2	9 526
Wins vir die tydperk/jaar		**11 258**	6 791	65,8	13 520
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:					
– minderheidsaandeelhouers		**2 177**	3 694	(41,1)	3 994
– ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**9 706**	3 097	213,4	9 842
Wins vir die tydperk/jaar		**11 883**	6 791	75,0	13 836
Rekonsiliasie van wesensverdienste					
Netto verdienste toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**9 081**	3 097	193,2	9 526
Aanpassings van wesensverdienste		**584**	803		7 664
– Billikewaarde-aanpassing met verkoop van assosiaat		**–**	–		2 787
– Wins op winskoop – Spescom		**–**	(31 714)		(31 714)
– Waardedaling van M-TEC		**–**	31 932		31 932
– Waardedaling van handelsname		**–**	–		4 353
– Verlies met verkoop van vaste bates		**584**	585		306
Wesensverdienste		**9 665**	3 900	147,8	17 190
Getal uitgereikte aandele ('000)		**146 399**	114 509		128 226
Tesourie-aandele ('000)		**5 599**	2 952		5 481
Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel bereken word ('000)		**140 801**	111 557		122 745
Verwaterde aandele – HUB-aandeelaansporingskema ('000)	1	**–**	4 991		–
Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel bereken word ('000)		**140 801**	116 548		122 745
Ontleding van verhouding					
Toeskryfbare verdienste (R'000)		**9 081**	3 097	193,2	9 526
VVRBWA (R'000)		**31 120**	21 723	43,3	53 275
Verdienste per aandeel (cents)		**6,4**	2,8	130,3	7,8
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)		**6,4**	2,7	138,9	7,8
Wesensverdienste per aandeel (sent)		**6,9**	3,5	96,1	14,0
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)		**6,9**	3,3	108,0	14,0
Dividend per aandeel – tussentyds (sent)		**–**	3,0		3,0
Dividend per aandeel – finaal (sent)		**–**	–		2,5
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**189,9**	226,1	(16,0)	229,5
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)		**123,5**	155,4	(20,5)	148,3
Skuld:Ekwiteit (%)		**47,5**	48,1		43,8
Rentedekking (keer)		**4,1**	5,4	(23,7)	4,9

Aantekening:

1. *Ingevolge die Jasco Aandeelopsieskema soos uiteengesit in die omsendbrief gedateer 31 Mei 2007, kan 'n bykomende 4 990 786 aandele aan die HUB uitgereik word onderworpe aan die bereiking van sekere winsteikens.*

Direkteure

Dr ATM Mokgokong (Nie-uitvoerende Voorsitter), MJ Madungandaba (Nie-uitvoerende Adjunk-voorsitter), JC Farrant (Leier Onafhanklike Nie-uitvoerende Beampte), dr J Rothbart (Nie-uitvoerend), JA Sherry (Nie-uitvoerend), M Malebye (Onafhanklike Nie-uitvoerende Beampte), H Moolla (Onafhanklike Nie-uitvoerende Beampte), AMF da Silva (HUB), WA Prinsloo (HFB) (Uitvoerende Beamptes), S Lutchan (Groepmaatskappysekretaris)

Geregistreerde kantoor

Jasco Park, H/v 2de Weg & Alexandralaan, Midrand, 1685

Oordragsekretarisse

Link Market Services SA (Edms) Beperk, 13de Verdieping Rennie House, Ameshoffstraat 19, Braamfontein, 2001

Borg

Grindrod Bank Limited, Gebou 3, 1ste Verdieping, North Wing, Commerce Square, Rivoniaweg 39, Hoek van Hellingweg, Sandton 2156

Verdere inligting is beskikbaar by: www.jasco.co.za

Opgesomde gekonsolideerde state van finansiële posisie

(R'000)	Ongeouditeer Des 2011	Ongeouditeer Des 2010	Geouditeer Jun 2011
BATES			
Nie-bedryfsbates	**436 566**	441 856	449 504
Eiendom, aanleg en toerusting	**105 691**	98 658	102 685
Belegging in assosiate	**185 035**	175 816	180 098
Ontasbare bates	**114 598**	101 402	114 355
(Netto) uitgestelde belastingbate	**6 830**	21 386	23 383
Ander finansiële bates	**24 412**	44 594	28 983
Bedryfsbates	**313 913**	317 459	304 999
Voorraad	**74 421**	85 816	79 824
Handels – en ander debiteure	**239 492**	173 859	196 989
Voorafbetaalde belasting	**–**	6 410	6 385
Kontant en kontantekwivalente	**–**	51 374	21 801
Totale bates	**750 479**	759 315	754 503
EKWITEIT EN LASTE			
Aandelekapitaal en reserwes	**346 611**	339 660	343 198
Nie-bedryfslaste	**150 554**	157 545	153 565
Rentedraende laste	**149 333**	134 972	136 253
Uitgestelde instandhoudingsinkomste	**1 221**	5 027	1 292
Uitgestelde belastinglas	**–**	17 546	16 020
Bedryfslaste	**253 314**	262 110	257 740
Rentedraende laste	**15 160**	28 333	14 655
Bankoortrekking	**38 414**	31 931	38 735
Nie-rentedraende laste	**197 088**	195 622	199 167
(Netto) belastinglas	**2 652**	6 224	5 183
Totale ekwiteit en laste	**750 479**	759 315	754 503

Opgesomde gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit

(R'000)	Ongeouditeer Des 2011 6 maande	Ongeouditeer Des 2010 6 maande	Geouditeer Jun 2011 12 maande
Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy			
Beginsaldo	**323 363**	280 132	280 132
Aandelekapitaal wat uitgereik gaan word	**–**	44 008	44 008
Tesourie-aandele – Aandeelaansporingstrust	**–**	(15)	1 016
Transaksies tussen aandeelhouers	**(3 187)**	–	(8 100)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**600**	600	(189)
Totale omvattende inkomste	**10 331**	3 097	9 842
– Wins vir die tydperk/jaar	**9 706**	3 097	9 526
– Ander omvattende inkomste	**625**	–	316
Dividende verklaar	**(3 195)**	(3 435)	(3 346)
Sluitingsaldo	**327 912**	324 387	323 363
Minderheidsaandeelhouers			
Beginsaldo	**19 835**	11 579	11 579
Filiale verkry gedurende die tydperk/jaar	**–**	–	(3 838)
Transaksies tussen aandeelhouers	**(3 313)**	–	8 100
Totale omvattende inkomste	**2 177**	3 694	3 994
– Wins vir die tydperk/jaar	**2 177**	3 694	3 994
– Ander omvattende inkomste	**–**	–	–
Dividende betaal aan filiale	**–**	–	–
Sluitingsaldo	**18 699**	15 273	19 835
Totale ekwiteit	**346 611**	339 660	343 198

Opgesomde gekonsolideerde staat van kontantvloei

(R'000)	Ongeouditeer Des 2011 6 maande	Ongeouditeer Des 2010 6 maande	Geouditeer Jun 2011 12 maande
Kontant gegenereer deur bedrywighede voor bedryfskapitaalveranderinge	**33 077**	21 938	49 066
Bedryfskapitaalveranderinge	**(38 674)**	(22 517)	(46 086)
Kontant (aangewend in)/gegenereer deur bedrywighede	**(5 597)**	(579)	2 980
Netto finansieringskoste	**(6 191)**	(3 133)	(8 432)
Netto belasting betaal	**(3 670)**	(11 667)	(22 572)
Dividende betaal	**(3 195)**	–	(3 346)
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(18 653)**	(15 379)	(31 370)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(10 586)**	51 088	41 173
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**7 759**	(11 627)	(22 098)
(Afname)/toename in kontantmiddele	**(21 480)**	24 082	(12 295)

Opgesomde segmentverslae

(R'000)	31 Des 2011 (Ongeouditeer) Inkomste	31 Des 2011 (Ongeouditeer) Bedryfswins/(-verlies)*	31 Des 2010 (Ongeouditeer) Inkomste	31 Des 2010 (Ongeouditeer) Bedryfswins/(-verlies)*	30 Junie 2011 (Geouditeer) Inkomste	30 Junie 2011 (Geouditeer) Bedryfswins/(-verlies)*
ICT – Carrier	286 931	23 090	190 956	12 850	426 705	23 231
ICT – Enterprise	102 638	5 354	2 843	(1 867)	121 640	11 213
Industry Solutions	60 381	4 626	57 859	3 902	107 367	7 922
Energy Solutions	665 502	28 796	531 146	24 067	1 117 883	55 480
Subtotaal bedryfsafdelings	**1 115 452**	**61 866**	**782 804**	**38 952**	**1 773 595**	**97 846**
Ander	223	(17 654)	324	(14 384)	6 380	(42 746)
Aanpassings	(621 735)	(23 643)	(465 194)	(8 693)	(1 006 937)	(26 298)
Totaal	**493 940**	**20 569**	**317 934**	**15 875**	**773 038**	**28 802**

**Segmentinkomste en bedryfswins/(-verlies) sluit in die inkomste en wins van die assosiate (ICT Carrier en Energy Solutions), asook die bruto en netto rente op die ontvangbare finansiële bruikhuurkontrak (Industry Solutions) in en word getoon vóór aanpassing van intergroep-rente en adminstratiewe fooie.*

JASCO INSPIRE.INNOVATE. ICT SOLUTIONS

JASCO INSPIRE.INNOVATE. INDUSTRY SOLUTIONS

JASCO INSPIRE.INNOVATE. ENERGY SOLUTIONS

STUDIO 5